

is te beskou as die belangrikste verbindingsfiguur tussen die NZASM en die Oos-Indiese spoorweë. Hy was 'n onrustige, maar heel bekwame tegnikus, organisator en skrywer. Hy is opgelei in die tegniese akademie te Delft en het gewerk by die uitbreiding van die Staatspoorweë in Nederland en as onderwyser voordat hy na Oos-Indië vertrek het. Daar het hy in 1873-76 die toekomstige spoorlyn van Padang en Emmahaven na Fort de Kock en die Ombilin-steenkoolmyn op Wes-Sumatra opgemeet en beplan. Terug in Nederland het hy sy werk vir dié lyn in die steil bergland voortgesit en herbeplan, onder meer 'n lang tandradtrajek voorgestel. Die lyn is volgens sy hersiene ontwerp in 1887-94 aangelê. Vermoedelik het sy ervaring gehelp by die aanleg van die tandradspoor op die Oosterlyn.

As mededirekteur van die NZASM het hy in 1888-90 in Transvaal gebly. Sy Indiese ervaring was daar ongetwyfeld bruikbaar. Die Staatspoorweë in Nederland het hom in 1890 gevra om die leiding daarvan te neem en hy het daarheen teruggekeer, maar hy het mededirekteur van die NZASM gebly. Hy het na 1890 die grootste spoorwegdeskundige in Nederland geword, mede danksy sy vermoë om kennis oor te dra en sy lang lewe.

Hy het verskeie van sy medewerkers in Oos-Indië in diens van die NZASM geneem, met name R.A.J. Snethlage, C. Groll en J.F. van Ysendijke. Snethlage het hom voorgestaan na Transvaal, maar spoedig sy ontslag gevra, en Ysendijke het reeds in 1888 aan malaria beswyk.

'n Foto van die groot en hoë viaduk op die lyn van Batavia (nou Jakarta) na Bandoeng deur die Preanger-bergland op Wes-Java is by hierdie aantekening afgedruk onder die foto van die vyfboogbrug tussen Waterval-Boven en Waterval-Onder. Die twee bouwerke is bewyse van die kundigheid van die Nederlandse ingenieurs en hul bou-aannemers.

Interessant is dat spoedig na die gedwonge beëindiging van die NZASM se bedrywighede in Suid-Afrika deur die Britse verowerings in 1900 en die uitsetting van NZASM-personeel deur die Britte uit Suid-Afrika verskeie van sy personeelslede in diens van die spoor- en tremweë in Oos-Indië getree het. P.J. van Winter, die skrywer van die NZASM se geskiedenis, berig daaroor: "Velen (van het NZASM-personeel) hadden inmiddels een nieuwen werkkring gevonden, veelal bij de Maatschappij tot Exploitatie van Staatsspoorwegen (in Nederland) en bij de verschillende spoor- en tramwegen in Nederlandsch-Indië.⁷ Hulle was in Oos-Indië baie welkom. Van die leidende personeel noem ek Ir. Th. Steinmetz wat pionier van die Oosterlyn vanaf die begin was en oor die NZASM in die oorlog 1899-1902 gepubliseer het, en G.A.A. Middelberg se oudste seun Marthinus. Laasgenoemde het in Junie 1900 Transvaal verlaat om 'n betrekking by 'n aardoliemaatskappy in Roemenië te aanvaar. In 1902 het hy oorgegaan na die Nederlandsch-Indische Spoorweg-Maatschappij op Java. Hy het daar uitstekende werk verrig en is op 2 Desember 1925 te Bandoeng ontydig aan tifus oorlede.⁸ Hy het die voortreflike naam van sy vader as spoorwegdeskundige hooggehou. Ook laer personeel van die NZASM het in Oos-Indië gewerk, moontlik Daniël Pitton ("Oom Daantje") wat uit Tjepoe op Oos-Java oor sy belewenisse by die aanleg van die Oosterlyn in die "*Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika*" van 1937 berig het.

Ir. Middelberg se opvolger as direkteur in Transvaal was Ir. J.A. van Kretschmar van Veen. Tot die likwidasië van die NZASM in 1907 het hy direkteur gebly en daarna in diens van die Staatsspoorwag in Nederland getree. Na sy aftrede as besturende direkteur in 1921 het hy in 1923 direkteur en voorsitter van die Deli-Spoorweg-Maatschappij op Sumatra geword. Hy het Java en Deli tweemaal besoek. Sy biograaf deel mee: "Buitengewoon heeft de Deli-Spoorweg-Maatschappij geprofiteerd van zijn rijke ervaring en leiderskapskwaliteiten".*

Die oordrag van kennis en ervaring van spoorweë van Oos-Indië na Suid-Afrika in die 19de eeu het dus vroeg in die 20ste eeu plekgemaak vir oordrag in omgekeerde rigting. Dit kan van belang wees om verder in te gaan op die betrekkinge tussen spoorwegaanleg en -eksploitasie in Nederlands Oos-Indië en Suid-Afrika.

VERWYSINGS

1. Lewenskets van G.A.A. Middelberg in *Biografisch Woordenboek van Nederland*, (deel een, M. Nijhoff, Den Haag 1979, deur A.J. Veenendaal Jr. en *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* deel 2, RGN - Tafelberg, Pretoria-Kaapstad 1972, deur S.J. du Toit Spies.
2. Lewenskets van A.C.H. Uggla in *S.A. Biografiese Woordeboek*, deel 4, RGN - Butterworth, Pretoria-Durban, 1981, deur C. de Jong.
3. Lewenskets van D. Maarschalk in *Nieuw Nederlandsch Biografisch Woordenboek*, deel 2, A.W. Sijthoff, Leiden 1911, en *Encyclopaedie van Nederlandsch Indië*, deel 2, M. Nijhoff en E.J. Brill, Den Haag en Leiden 1917.
4. Lewenskets van J. Groll in *Encyclopaedie van Nederlandsch Indië*, deel 1, en *Nieuw Nederlandsch Biografisch Woordenboek*, deel 8.
5. Lewenskets van R.W.J.C. van den Wall Bake in *S.A. Biografiese Woordeboek*, deel 4, deur G.J. Schutte, en *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, deel 2, Nasou Ltd., Kaapstad 1970, deur J. Ploeger.
6. Lewenskets van J.L. Cluysenaar in *Biografisch Woordenboek van Nederland*, deel 2, 1985, deur A.J. Veenendaal Jr.
7. P.J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders*, deel een, J.H. de Bussy, Amsterdam 1937, p. 354.
8. A.J. Veenendaal Jr., "Een spoorwegingenieur onder vuur", in *Nederlandsche Historische Bronnen*, uitgegeven door Nederlandsch Historisch Genootschap, deel 5, Verloren (uitgewer), Hilversum 1985, p. 246-277, spesiaal p. 255-256.
9. B.H.A. van Kreel (Direkteur van de Deli-Spoorweg Maatschappij), "Jhr. Ir. J.A. van Kretschmar van Veen, in *Spoor- en Tramwegen*, Jrg. 4, Den Haag, 15 September 1931.

Einde van die bydraes oor die NZASM.

DIE KONINGIN-WILHELMINABOOM HERPLANT

deur C. de Jong

Van 31 Augustus tot 6 September 1898 was daar nie slegs in Nederland en sy kolonies nie maar ook in Suid-Afrika groot fees ter ere van die 18de verjaardag van Prinses Wilhelmina en haar troonsbestyging op 6 September - geen kroning nie, want die Nederlandse koning of koningin word nie gekroon nie, maar ingehuldig. In Pretoria was dit die laaste openbare fees voor die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog op 11 Oktober 1899. Die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het 31 Augustus 1898 tot openbare vakansiedag uitgeroep en op alle owerheidsgeboue die Vierkleur laat waai. Op die begrafenisdag van dieselfde vorstin 8 Desember 1962 het op alle owerheidsgeboue in die Republiek Suid-Afrika die landsvlag halfstok gewaai as teken van rou - 'n unieke kompliment aan 'n buitelandse vors gebring.

Op 31 Augustus 1898 is in die Stadspark van Pretoria - ook die Burgerspark naar president T.F. Burgers genoem - 'n Koningin-Wilhelminaboom geplant, soos ook elders in Transvaal, naamlik te Springs, en in Nederland, onder meer te Rijnsburg by Leiden, gedoen is. Die boom was 'n "oranjeboom" of soetlemoenboom omdat sy oranjevrugte herinner aan die wapenkleur van die vorstehuis van Oranje-Nassau. Die boompie is geplant deur die dogtertjie van die Nederlandse konsul-generaal in die ZAR, F.G. Domela Nieuwenhuis. Die boomplanting was deel van die groot fees in die Stadspark waarop Ir. G.A.A. Middelberg, direkteur van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), as voorsitter van die feeskommissie die feesrede uitgespreek het.

Om die boompie is 'n mooi bewerkte hek van smeedyser geplaas. Dit was waarskynlik gemaak in die werkswinkel van die NZASM te Pretoria, waar die personeel van alle markte tuis was. Die hek dra 'n skild met die opskrif: Koningin Wilhelminaboom - 31 Augustus 1898. By die oorskilder van die hek in Oktober 1986 het die vier hoofletters W van Wilhelmina in geelkoper weer duidelik tevoorskyn gekom.

Dit het met die Wilhelminaboom in ons stad op en af gegaan, net soos in die lewe van die koningin en in die betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland, waarvan die boom as simbool gedien het. Die boom het hoog opgegroeï en in die jare 20 doodgegaan. Hy is toe deur 'n naartjieboom vervang, moontlik omdat dit langer sou leef. Maar ook hierdie boom het gekwyn: dit was in die afgelope 25 jaar slegs 'n armsalige plant. Dit het nie gedy nie weens die ongunstige plek tussen hoë bome wat veel sonlig wegneem. Daarom het die hoof van die Parke-afdeling van die Stadsraad in 1986 voorgestel om 'n nuwe boom te plant en tewens die hek na 'n beter plek midde in die park te verplaas, weg uit die afgeleë hoek waar die eerste boom gewortel het.

So het dit gebeur. Die hek is oorgeskilder en verskuif na 'n oop plek teenoor die standbeeld van die Skotse soldaat. Op die plek waar boom en hek gestaan het, sal 'n betonplaat met inskrif die oorspronklike plek aandui. Op Saterdag 15 November 1986 het die burgemeester van Pretoria, Raadslid Steyn van der Spuy, amptelik binne die hek 'n nuwe, jong boom - weer 'n soetlemoen-

boom - geplant. Uit die amptelike aard van die herplanting blyk dat die Stadsraad van Pretoria die herinnering aan Koningin Wilhelmina in ere wil hou.

Die uitnodiging na die herplantingsplegtigheid het uitgegaan van die voorsitter van die Skakelraad vir Nederland- en Vlaandere-gerigte verenigings, Mnr. Willem Punt, wat die burgemeester ingelei het. Aanwesig was 70 tot 80 persone wat verskeie organisasies verteenwoordig het, onder meer die Historiese Pretoriase Vereniging (Genootskap Oud-Pretoria). Die aanwesige lede hiervan was op hul jaarlikse bustoer ter afsluiting van die jaar waarop belangrike ingesetenes van ons stad vereer word. Na die plegtigheid is die aanwesiges in die musiekent by die kiosk onthaal op tee en appelgebak.

Op 30 Augustus 1980 is 'n byeenkoms by die voorgaande Wilhelmina-boom gehou ter herdenking van haar geboortedag 100 jaar tevore. Daarop het onder andere die burgemeesters van Pretoria en Verwoerdburg en die waarnemende voorsitter Dr. N.A. Coetzee die woord gevoer. 'n Verslag van dié byeenkoms is opgeneem in *Pretoriana* No. 80 van November 1980 en in die brosjure *Ek sal handhaaf*, saamgestel deur C. de Jong in opdrag van die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika).

Mag die herplante Koningin-Wilhelmina-boom op sy beter plek groei en vrug dra as simbool van toekomstige verbeterde betrekkinge tussen Suid-Afrika en die vroeëre stamland Nederland!

Toespraak van die burgemeester van Pretoria, Raadslid Steyn van der Spuy, tydens die boomplantseremonie - die herplanting van die Koningin-Wilhelmina-boom - in die Burgerspark op Saterdag 15 November 1986.

Die boom as sigbare kontaksimbool vir Pretorianers met die Zuid-Afrikaanse Republiek-tyd en die bande met die ou stamland Nederland, wat vandag nog ondanks die politiek bestaan.

Meneer die Voorsitter van die Skakelraad vir Nederland- en Vlaandere-gerigte verenigings, Mnr. Willem Punt; en die voorsitters en verteenwoordigers van die Genootskap Oud-Pretoria, die Stigting Jan van Riebeeck, die Afrikaans-Nederlandse Werkgemeenskap, die Nederlandsche Vereeniging te Pretoria, die Nederlands Kultuurhistorisch Instituut, die Genootskap Nederland – Suid-Afrika, die Federasie van Nederlandse verenigings, die Maatskappy vir Europese Immigrasie, die Pretoriase Africana-Vereniging, en ander belangstellendes, Dames en Here,

Pretoria is alom bekend vir sy historiese bome wat die bande met die verlede behou, en natuurlik vir sy lowerrykheid - vandaar die toekenning as eerste lowerstad in die land in 1984. Dink maar aan die bekende Wonderboom, die wêreldbekende jakaranda's en dan veral die geskiedkundige bome wat juis hier in Burgerspark aangeplant is. Hier is onder andere die 'akkerboom ter herdenking aan die bewind van Koningin Victoria en vanselfsprekend die Koningin-Wilhelmina-Gedenkboom: die lemoenboom wat die simbool is van die Huis van Oranje, 'n simbool wat hom herhaal in die embleem van die Oranje-Vrystaat en in ons Landswapen.¹ Ons is trots op ons verlede en deur die simbole te bewaar



Die herplanting van die Koningin-Wilhelminaboom binne die herplaaste hek om die voorgaande boom in die Burgerspark te Pretoria op Saterdag 15 November 1986. Links die burgemeester van Pretoria, Stadsraadslid Steyn van der Spuy, regs Mnr. J. Aves, Stadsparker-Afdeling.

Foto: T.E. Andrews



Van links na regs: Willem J. Punt, ondervoorsitter; Stadsraadslid Mnr. Steyn van der Spuy, burgemeester van Pretoria; Dr. N.A. Coetzee, voorsitter van die Pretoriase Historiese Vereniging, voor die hek rond die pas herplante Koningin-Wilhelminaboom in die Burgerspark op 15 November 1986.

Foto: Frik Dreyer


en te eerbiedig toon ons aan die wêreld dat ons nie skaam is oor ons herkoms nie. Die aanplant van 'n boom dui, afgesien van sy gebruikswaarde, ook op verbintenisse wat die mens met sy verlede, hede en toekoms aangaan. 'n Boom is 'n sigbare teken, 'n verbintenis wat die nageslag met sy verlede aaneenskakel en in baie gevalle oorleef die boom die mens, dus skakel hy geslag aan geslag aan mekaar.

So het Pretoria deur middel van die Wilhelminaboom 'n skakel met die ou stamlande en die Zuid-Afrikaansche-Republiek-tyd. Dit strek terug tot 13 Mei 1898 toe Mnr. Gerrit Middelberg, voorsitter van die hoofkomitee van die kroningsfees² en hoofdirekteur van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), 'n versoek tot die Burgersparkkomitee³ gerig het om 'n gedenkboom in Burgerspark te plant by geleentheid van die troonsbestyging van Haar Majesteit Koningin Wilhelmina as koningin van die Nederlande.

Op Woensdag 31 Augustus 1898 het die dogter van die Nederlandse konsul-generaal Mnr. F.G. Domela Nieuwenhuis 'n lemoenboom in die Park geplant. Ongelukkig het die boom van Oranje mettertyd begin kwyn.⁴ Talle pogings is deur die jare aangewend om sy lewe te verleng. Onder andere het Mnr. Jack Repton, 'n voormalige Direkteur van parke en ontspanning, verskeie onderstamme van die sterk groeiende Cape-Bough-suurlemoen op die ou boom geënt. Die Gedenkboom het egter verdere tekens van agteruitgang getoon en Mnr. Jimmy Aves, afgetrede Direkteur en tans in beheer van Burgerspark, het Mnr. Jerry Vorster, die destydse stedelike skakelbeampte en ook sitrusboer, versoek om entings op sitrusonderstamme te doen. Hy het 'n takkie van die oorspronklike boom op die onderstam van 'n ander boom geënt en die dogterboom is in die middel-sewentiger jare sonder enige seremonie in Burgerspark geplant. Die dogterboom staan aan die oostekant van die padjie, sowat 30 meter hiervandaan, en ek verneem dat die boompie ten spyte daarvan dat dit beskadig is, in die jongste tyd tekens van beter groei toon.

Die oorspronklike boom van Oranje wat afgesterf het, noodsaak vandag dat 'n nuwe lemoenboom aangeplant word om die band tussen Suid-Afrikanners - en spesifiek Pretorianers - en die stamland Nederland asook met die Zuid-Afrikaansche Republiek te herbevestig. Ek verstaan dat daar word gereken dat die Gedenkboom tog nooit 'n ware lemoenboom was nie, maar jou waarlik 'n suurnaartjie, of aldus so lui die gerug. Ek wil die hoop uitspreek dat ons vandag hier 'n soetlemoenboom as simbool van goeie verhouding met die verlede en die toekoms plant.

Môre, 16 November, 137 jaar gelede is Pretoria amptelik gestig. Dit is gepas dat ons nie net Pretoria se stigtingsdatum so sal onthou nie, maar ook ons Nederlandse vriende en familie. Dit is nou vir my 'n besondere genoeë om oor te gaan tot die planting van die nuwe Wilhelminaboom hier in Burgerspark. Mag die lemoenboompie groei en sterk word en sodoende die bande tussen ons lande op dié simboliese wyse weerspieël!



Die Koningin Wilhelminaboom by die spoorwegstasie te Springs aan die Witwatersrand, wat op 31 Augustus 1898 geplant is.
Foto: Robert C. de Jong 1983



Die Koningin Wilhelminaboom in die dorp Rijnsburg by Leiden in Nederland. Dit is 'n Europese loofboom wat in 1898 geplant is.
Foto: C. de Jong 1982

Aantekeninge van die redakteur

1. Volgens prof. M.C. van Schoor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te Bloemfontein is die boom in die wapenskild van die Oranje-Vrystaat geen lemoenboom nie, hoewel dit in die 19de eeu 'n tyd lank met lemoene as oranjeboom versier is; die kunstenaar wat die wapenskild omstreeks 1890 gemaak het, het naamlik gedink dat dit 'n lemoenboom was in verband met die naam van die Oranje-Vrystaat. Die oorspronklike boom is 'n olienhoutboom of 'n ander soort.
2. Die benaming kroningsfees is onjuis omdat die Nederlandse koning of koningin nie gekroon nie maar ingehuldig en ingesweer word deur verteenwoordigers van die volk. Dit is een van die republikeinse trekke van die Nederlandse monargie wat voorheen 'n republiek was.
3. Die Burgerspark het die naam van president T.F. Burgers in 1894 gekry. Voorheen het dit die Stadspark geheet.
4. Die boom wat in 1898 geplant is, het hoog opgegroeï maar in die jare 20 gesterf. Dit is vervang deur 'n naartjieboom of 'n verwante sitrussoort wat weggekwyn het en op 15 November 1986 vervang is deur 'n lemoenboom op 'n ander plek in die park.



Lede van die Pretoriase Historiese Vereniging byeen vir kransleggings op die graf van Dr. W.H.J. Punt, medestigter van die Vereniging, op 15 November 1986. Die voorsitter Dr. N.A. Coetzee hou 'n kort toespraak.
Foto: T.E. Andrews

EERBEWYS AAN DR. W.H.J. PUNT

Dr. Willem H.J. Punt is die nemer van die inisiatief tot stigting van die Pretoriase Historiese Vereniging - ook die Genootskap Oud-Pretoria genoem - in 1948 en mede-oprigger van die Vereniging se tydskrif *Pretoriana* waarvan No. 91 nou verskyn het. *Pretoriana* No. 81 van Julie 1981 bevat sy lewenskets en verslag van sy begrafnis, *Pretoriana* No. 84 van Julie 1983 is 'n besondere uitgawe wat aan hom gewy is.

Die bestuur het in 1986 op sy grafsteen op die begraafplaas aan die Rebekkastraat in Pretoria-Wes die opskrif

Stigter Genootskap Oud-Pretoria

laat aanbring. Op 15 November 1986 het lede van die Vereniging volgens jaarlikse gebruik een van Pretoria se verdienstelike inwoners geëer deur 'n besoek aan Dr. W.H.J. Punt se graf af te lê. Hulle het kennis van die nuwe opskrif geneem en 'n paar blomkranse neergelê. Die voorsitter Dr. N.A. Coetzee het in 'n kort toespraak Dr. Punt se verdienstes vir die Vereniging gememoreer. 'n Groot aantal lede van die talryke familie Punt was aanwesig, onder wie kinders, aangetroude kinders en kleinkinders en sy eggenote. Dit was ook die verjaarsdag van Dr. Punt se oudste seun Willem jr., ondervoorsitter, en familiedag vir die familie Punt.



Die familie Punt byeen voor die grafsteen van Dr. W.H.J. Punt op die begraafplaas aan die Rebekkastraat in Pretoria-Wes op 15 November 1986 na kransleggings deur die Pretoriase Historiese Vereniging en die familie Punt - van links na regs: Mev. Rita Punt (getroud met Mnr. Jan Punt) - Mev. Martie Punt (getroud met Mnr. W.J. Punt) - Mnr. Jan Punt - Mev. Phyllis Punt (getroud met wyle Dr. W.H.J. Punt) - Mnr. W.J. Punt - Mej. Marcelle Punt - Mev. Alison Punt - Mej. Jeanine Punt - dr. Anton Punt - Willem Adriaan Punt - Willem Jacobus Punt Jr. - Mev. Christine Gerber geb. Punt.